**31 JANUARIE** **SKRIFGEDEELTE: EKSODUS 25:23-27-19**

## Alles in die tabernakel het ‘n funksie in die diens van God

Die tabernakel was ‘n draagbare tempel. Vir Israel was hierdie ‘n unieke tempel op die trekpad. Hulle kon telkens wanneer hulle van staanplek versit het, die hele tempel met al sy toebehore met hulle saamdra en in ‘n japtrap weer oprig.

Die tabernakel het uit drie dele bestaan en alles daarbinne was funksioneel. Die binneste deel het as die allerheiligste bekend gestaan en was die simboliese troonkamer van God. By die heidene het die afgodsbeeld gewoonlik hier gestaan. Die ware God kan egter nie afgebeeld word nie. Daarom het slegs die ark as simbool van God se verbondsteenwoordigheid hier gestaan en niemand het daarin gegaan nie buiten die hoëpriester. Dit het een maal per jaar op die Groot Versoendag gebeur.

Buite die allerheiligste was daar ‘n groot vertrek waar slegs die priesters diens gedoen het en wat van die binneste deel afgeskort was met ‘n gordyn (voorhangsel). Hier is gedurig wierook voor die voorhangsel geoffer as simbool van die gebede van die volk wat voor God opgaan. Verder was daar ‘n tafel met brode wat die graanoffer van die volk verteenwoordig het. Die kandelaar met sy sewe lampe het die lig wat die volk uitdra versimboliseer.

Die buitenste deel (die voorhof) was die aanbiddingsplek vir die gewone mense. Die diere-offers is daar gebring.

In die Nuwe Testament word die kerk (Ef 2:20-22) en die gelowiges (1 Kor 6:19) die tempel van God genoem. Is alles in jou persoonlike en kerklike lewe aan God gewy en funksioneel in sy diens?

*Sing: Psalm 40:4* *Ds HB Hattingh (Warmbad)*